# BEMAGTIG entrepreneurs

MARIANNE ELLIOTT
**Streekbibliotekaris, Suidstreek**

As gevolg van die huidige gebrek aan werksgeleenthede, lei die skepping van eie besighede nie net tot die generering van 'n eie inkomste nie, maar ook tot werkskepping, deur ander in diens te neem om die onderneming te help bedryf.


Baie mense is onbewus van die inligting wat daar bestaan om mense in staat te stel om hul eie onderneming te begin of suksesvol te bedryf. 'n Entrepreneurs-inligtingsessie is einde Augustus verlede jaar in Kaapstad gehou om bibliotekarisse in staat te stel om voornemende entrepreneurs te help bemagtig.











*Heel bo: Esmé Solomon (regs) gesels met 'n kursusganger*

*Bo: Jean Fairhead en Jill Hayes by 'n uitstalling van produkte wat hulle versier en verkoop*

*Links: Aanbieders van die Chrysalis projek. Video opsteller, sekretaresse en (regs) George van der Berg (spreker)*

*Links: Hannelie Crafford (voorheen biblioteekassistent van Saldanhastreek) wys haar découpage ware aan 'n kursusganger*

*Onder: Zaaida Naidoo van CAFDA*

Omtrent tagtig afgevaardigdes van biblioteke in die Wes-Kaapprovinsie het die sessie bygewoon. Esmé Solomon het belangrike inligting verskaf ten opsigte van die finansiële aspekte: hoe om befondsing te bekom, rekord te hou van uitgawes, ensovoorts. Sy gee seminare vir belangstellendes op uitnodiging (Learn to earn). Twee persone wat reeds suksesvolle ondernemings bedryf, Jean Fairhead en Jill Hayes, het vertel hoe hulle hul ondernemings begin en struikelblokke oorkom het. Jean bestuur die maak en verkoop van groetekaartjies om die fondse vir die Geletterdheidsprojek by Imizamo Yetho aan te vul en Jill bevorder werkskepping deur herwonne teesakkies vir groetekaartjies te gebruik.

Zaaida Naidoo van CAFDA het kursusse bespreek wat hulle aanbied om vaardighede te ontwikkel. Sy het twee persone saamgebring wat vertel het hoe hulle in staat gestel is om selfversorgend te raak deur hul eie besighede te begin - 'n blommeverkoper en horlosiemaker.

Laastens het George van der Berg van die Chrysalis organisasie met behulp van 'n video vertel hoe hulle jong seuns help om hul voete te vind deur dissipline, 'n goeie selfbeeld, gesonde leefstyl en vaardighede aan te leer. Hulle stuur ook sprekers om jeuggroepe toe te spreek oor beter keuses in die lewe as om met dwelms en bendes betrokke te raak.

Kursusgangers was bemoedig oor die goeie geleenthede wat daar bestaan vir opheffing uit armoede en 'n negatiewe leefstyl.

Uitstallings is gehou deur entrepreneurs in découpagewerk (Hannelie Crafford), kersmaak (Dillon van Rensburg), asook pamflette en inligting van die Kleinsakehoekies. Kursusgangers is ook blootgestel aan beskikbare titels in die Biblioteekdiens wat voornemende entrepreneurs kan benut.

In Jeanette Mostert (assistentdirekteur) se afwesigheid het streekpersoneel saamgewerk om hierdie aanbieding 'n sukses te maak. Dankie vir almal wat gehelp het!

Nuttige kontakbesonderhede:
Esmé Solomon 'Learn to earn' (021) 903 1928.
Vir meer inligting oor die Chrysalis projek:
*www.Chrysalisacademy.org.za.*